BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE EXTRAORDINARY OF SOUTH WEST AFRICA

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY*

| 10c | Vrydag 7 Julie 1972 | WINDHOEK | Friday 7 July 1972 | No. 3269 |
|---|---|---|---|---|

INHOUD

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 123 Ordonnansie 1972: Uitvaardiging van . .

CONTENTS *Bladsy/Page*

GOVERNMENT NOTICE:

Ordinance, 1972: Promulgation of . . . . 835

## Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

**J. J. KLOPPER,**
***Sekretaris van Suidwes-Afrika***

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

## Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

**J. J. KLOPPER,**
***Secretary for South West Africa***

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 123.] [7 Julie 1972.

ORDONNANSIE 1972: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet.

| *No.* | *Titel* | *Bladsy* |
|---|---|---|
| No. 18 | Wysigingsordonnansie op Huurgelde 1972 | 836 |

No. 123.] [7 July 1972.

ORDINANCE, 1972: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act.

| *No.* | *Title* | *Page* |
|---|---|---|
| No. 18 | Rents Amendment Ordinance, 1972 . . | 837 |

No. 18 van 1972.]

WYSIGINGSORDONNANSIE OP HUURGELDE 1972.

*(Goedgekeur 22 Junie 1972.)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*
(Datum van inwerkingtreding 7 Julie 1972.)

# ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Proklamasie op Huurgelde, 1944, om die woord „Administrateur" deur die uitdrukking „Uitvoerende Komitee" te vervang; om die uitdrukking „Uitvoerende Komitee" te omskryf; om voorsiening te maak vir vrystellings van die bepalings van genoemde Proklamasie; en tot wysiging van die Wysigingsproklamasie op Huurgelde 1951 om die omskrywing van „beroep" te wysig; om artikel 2 daarvan te herroep; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

Wysiging van Proklamasie 4 van 1944 om „Administrateur" deur „Uitvoerende Komitee" te vervang.

1. Die Proklamasie op Huurgelde, 1944 (Proklamasie 4 van 1944 — hieronder die Hoofproklamasie genoem — word hierby gewysig deur die woord „Administrateur" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking „Uitvoerende Komitee" te vervang.

Wysiging van artikel 1 van Proklamasie 4 van 1944, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 27 van 1967, artikel 1 van Ordonnansie 10 van 1969 en artikel 1 van Ordonnansie 22 van 1971.

2. Artikel 1 van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur na die omskrywing van „woning" die volgende omskrywing in te voeg:

„ „Uitvoerende Komitee" die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee soos bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) ;".

Invoeging van artikel 19B in Proklamasie 4 van 1944.

3. Die volgende artikel word hierby in die Hoofproklamasie na artikel 19A ingevoeg:

„Vrystellings.

19B. (1) Die Uitvoerende Komitee kan van tyd tot tyd en met ingang van 'n datum deur hom bepaal enige soort of klas woning vrystel van die bepalings van hierdie Proklamasie.

(2) Enige sodanige vrystelling en die datum van inwerkingtreding daarvan, word by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bekend gemaak.

(3) Die soort of klas woning wat ingevolge hierdie artikel vrygestel word van die bepalings van hierdie Proklamasie, moet in die kennisgewing bedoel in subartikel (2) omskryf word.".

Wysiging van artikel 1 van Proklamasie 54 van 1951.

4. Artikel 1 van die Wysigingsproklamasie op Huurgelde 1951 (Proklamasie 54 van 1951) word hierby gewysig —

(a) deur na die omskrywing van „sake-perseel" die volgende omskrywings in te voeg:

No. 18 of 1972.]

RENTS AMENDMENT ORDINANCE, 1972.

*(Assented to 22 June 1972.)*

*(English text signed by the Administrator.)*

(Date of commencement 7 July 1972.)

# ORDINANCE

To amend the Rents Proclamation, 1944, so as to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator"; to define the expression "Executive Committee"; to provide for exemptions from the provisions of the said Proclamation; and to amend the Rents Amendment Proclamation, 1951, so as to amend the definition of "profession"; to repeal section 2 thereof; and to provide for incidental matters.

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

Amendment of Proclamation 4 of 1944, to substitute "Executive Committee" for "Administrator".

1. The Rents Proclamation, 1944 (Proclamation 4 of 1944) — hereinafter referred to as the principal Proclamation — is hereby amended by the substitution for the word "Administrator" wherever it appears of the expression "Executive Committee".

Amendment of section 1 of Proclamation 4 of 1944, as amended by section 1 of Ordinance 27 of 1967, section 1 of Ordinance 10 of 1969 and section 1 of Ordinance 22 of 1971.

2. Section 1 of the principal Proclamation is hereby amended by the insertion after the definition of "dwelling" of the following definition:

" "Executive Committee" means the Administrator-in-Executive Committee as referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968);".

Insertion of section 19B in Proclamation 4 of 1944

3. The following section is hereby inserted in the principal Proclamation after section 19A:

"Exemptions.

19B. (1) The Executive Committee may from time to time and with effect from a date determined by it exempt any kind or class of dwelling from the provisions of this Proclamation.

(2) Any such exemption and the date of commencement thereof shall be made known by notice in the *Official Gazette*.

(3) The kind or class of dwelling exempted from the provisions of this Proclamation in terms of this section shall be defined in the notice referred to in subsection (2).".

Amendment of section 1 of Proclamation 54 of 1951.

4. Section 1 of the Rents Amendment Proclamation, 1951 (Proclamation 54 of 1951), is hereby amended —

(a) by the insertion after the definition of "business premises" of the following definitions:

WYSIGINGSORDONNANSIE OP HUURGELDE, 18 VAN 1972.

„ „Uitvoerende Komitee" die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee soos bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968);

„huurder" ook 'n onderhuurder;

**„verhuurder"**, met betrekking tot 'n sake-perseel, behalwe die eienaar, 'n huurder wat enige sake-perseel of enige deel daarvan onderverhuurder en ook die agent van die verhuurder in die hierin omskrewe betekenis;";

en

(b) deur die omskrywing van „beroep" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ „beroep" sluit in elkeen van die beroepe wat genoem word in die Bylae;".

**Herroeping van artikel 2 van Proklamasie 54 van 1951, soos vervang deur artikel 8 van Ordonnansie 10 van 1969.**

5. Artikel 2 van die Wysigingsproklamasie op Huurgelde 1951 (Proklamasie 54 van 1951) word hierby herroep.

**Invoeging van artikel 5A in Proklamasie 54 van 1951.**

6. Die volgende artikel word hierby in die Wysigingsproklamasie op Huurgelde 1951 (Proklamasie 54 van 1951) na artikel 5 ingevoeg:

„Uitvoerende Komitee kan Bylae wysig.

5A. (1) Die Uitvoerende Komitee kan die Bylae te eniger tyd wysig deur enige beroep by te voeg of te skrap.

(2) Enige sodanige wysiging word by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bekend gemaak.".

**Byvoeging van Bylae by Proklamasie 54 van 1951.**

7. Die volgende Bylae word hierby by die Wysigingsproklamasie op Huurgelde 1951 (Proklamasie 54 van 1951) gevoeg:

„BYLAE

(a) Rekenmeester en/of Ouditeur.
(b) Aktuaris.
(c) Advokaat.
(d) Argitek.
(e) Prokureur en/of Notaris en/of Transportbesorger.
(f) Raadgewende Ingenieur (insluitende enige tak van ingenieurswese).
(g) Tandarts.
(h) Landmeter (insluitende enige persoon wat as 'n landmeter van myngebiede, ooreenkomstig die wette en regulasies ten opsigte van mynwese in die Gebied van krag, praktiseer).
(i) Geneesheer.
(j) Bourekenaar.
(k) Beëdigde Vertaler.
(l) Dorpsbeplanner.".

**Kort titel.**

8. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Huurgelde, 1972.

RENTS AMENDMENT ORDINANCS, 18 OF 1972.

" "Executive Committee" means the Administrator-in-Executive Committee as referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968);

"lessee" includes a sub-lessee of business premises;

"lessor" in relation to business premises, includes in addition to the owner, a lessee who has sublet any business premises or any part thereof and includes also the agent of the lessor as herein defined;";

and

(b) by the substitution for the definition of "profession" of the following defintion:

" "profession" includes any of the professions mentioned in the Schedule.".

5. Section 2 of the Rents Amendment Proclamation, 1951 (Proclamation 54 of 1951) is hereby repealed.

Repeal of section 2 of Proclamation 54 of 1951 as substituted by section 8 of Ordinance 10 of 1969.

6. The following section is hereby inserted in the Rents Amendment Proclamation, 1951 (Proclamation 54 of 1951) after section 5:

Insertion of section 5A in Proclamation 54 of 1951.

"Executive Committee may amend Schedule.

5A. (1) The Executive Committee may at any time amend the Schedule by adding or deleting any profession.

(2) Any such amendment shall be made known by proclamation in the *Official Gazette.*".

7. The following Schedule is hereby added to the Rents Amendment Proclamation, 1951 (Proclamation 54 of 1951):

Addition of Schedule to Proclamation 54 of 1951.

"SCHEDULE

(a) Accountant and/or Auditor.
(b) Actuary.
(c) Advocate.
(d) Architect.
(e) Attorney and/or Notary and/or Conveyancer.
(f) Consulting Engineer (including any branch of engineering).
(g) Dentist.
(h) Land Surveyor (including any person practising as a Surveyor of Mining Areas in terms of the laws and regulations in force in the Territory relating to mining).
(i) Medical Practitioner.
(j) Quantity Surveyor.
(k) Sworn Translator.
(l) Town Planner.".

8. This Ordinance shall be called the Rents Amendment Ordinance, 1972.

Short title.